Aanhangsel A

REELS

BOEREMARK

Die boeremark is in die lewe geroep deur TLU SA om boere die geleentheid te gee om hulle produkte direk aan die verbruiker te verkoop. TLU SA is die eienaar van alle aandele in die maatskappy wat die mark besit en bedryf. TLU SA se doelstelling is om boere veilig en volhoubaar op hulle plase te hou en alle inkomste word vir die bereiking van die doelwit gebruik.

Die Pretoria Boeremark (Edms) Bpk behou die reg voor om enige reel te wysig sonder opgawe van redes met 2 weke skriftelike kennisgewing.

Die reg van toegang word te alle tye voorbehou.

ALGEMEEN

1. Slegs landbouprodukte en aanverwante produkte, soos kos, handgemaakte artikels, en aanverwante, in die diskresie van die boeremark mag te koop aangebied word.
2. ’n Verbod kan te enige tyd op die verkope van enige artikel geplaas word.
3. Enige dispuut sal deur die mark se bestuur opgelos word.
4. Klagtes van klante sal deur die stalletjie houer opgelos word sonder inmenging van die bestuur.
5. Kragopwekkers sal alleenlik toegelaat word in geval van kragonderbrekings. Indien die geraas daarvan buitensporig is mag die bestuur die gebruik daarvan verbied.
6. Die stalletjie houer moet voldoen aan alle wetlike voorskrifte, regulasies en gesondheid voorwaardes.
7. Reklame en bemarkingsmateriaal mag nie in die strate geplaas word of enige verkeer van mense belemmer nie.

TOEKENNING VAN STALLETJIE

8. Indien u aansoek goedgekeur is kom kies u ’n vakante stalletjie van die kaart in die kantoor en maak ’n nota van die nommer(s).
9. Gaan kyk op die terrein en wanneer u besluit het wat die beste ligging het, besoek dan weer die kantoor en kontrakteer vir die gebruik van die stalletjie .
10. Maak die vereiste aanvangsbetalings nie later as die Woensdag voor die betrokke Saterdag nie

FOOIE

11. **R500.00 intreefooi** is betaalbaar wat onder geen omstandighede terugbetaalbaar is nie.
12. **R1 150.00 <u>per maand</u> vooruit betaalbaar.** Die fooi is betaalbaar hetsy die stalletjie elke Saterdag okkupeer word al dan nie.
13. Alle fooie is vooruitbetaalbaar .Betalings kan gemaak word per EFT of per kaart in die kantoor – **Pretoria Boeremark - FNB – 62383915629 - 250655**
14. Versuim om enige fooi betyds te betaal het die gevolg dat die kontrak onmiddellik gekanselleer kan word, sonder enige kennisgewing.

VOERTUIE

15. Geen voertuie word toegelaat om op die terrein te beweeg tussen 5.30 en 9.30.
16. Alle voertuie moet parkeer word in die aangewese areas.
17. Geen voertuig mag op die terrein vinniger as 15 km/h ry nie , dit is eenrigting verkeer – in by Morelettastraat en uit by Krigestraat.

STALLETJIE

18. Eie stoele tafels ens. moet voorsien word. Uitstallers maag nie die stoele of tafels van die boeremark vir hul stalletjies gebruik nie
19. Stalletjies moet skoon en netjies agter gelaat word.
20. Geen Boeremark personeel mag aangewend word vir die algemene onderhoud van die stalletjies tydens weeksdae werksure of tydens Saterdag werksure nie. Geen werk word op Sondae toegelaat nie.
21. Waar elektrisiteit beskikbaar is sal ’n fooi van **R 150.00 per maand** vooruit betaalbaar wees vir gebruik vir ligte/ selfoon laaier of kaartmasjien laaier. Vir enige ander toestel word ‘n tarief bereken en skriftelik ooreengekom vir betaling per maand.

OPRIGTING VAN STRUKTURE

22. Neem kennis dat groot gedeelte van die boeremark terrein onder die 100 jaar vloedlyn is en dat water moontlik deur die terrein kan loop.
23. Toestemming moet by die Bestuur verkry word vir die oprigting van ’n struktuur.
24. Die plekke waar pale geplant word sal deur bestuur aangetoon word
25. Strukture moet verkieslik van hout wees en ’n dak wat groen is. Enige ander materiaal moet vooraf goedgekeur word.
26. Geen elektrisiteit mag aangelê word sonder die bestuur se goedkeuring nie.
27. Die inprop vir krag by bure is verbode
28. Indien jy nie meer die stalletjieruimte kan/wil huur nie, en daar is nog uitstaande skuld teenoor Pretoria Boeremark, behou die Boeremark die reg voor om die struktuur te verkoop om die skuld te verhaal.
29. Tot tyd en wyl die struktuur of verkoop of verwyder is, moet die huur daarvan steeds betaal word.